



SOTERIA
WAARHEIDSLIEFDE

Stephen Smith, 11 September 2011

Hoekom jou familie vandag tel:

Watter verskil maak 'n gesin? Hoe beïnvloed dit jou lewe? Die manier waarop jy jou eie gesinslewe benader, het 'n diepgaande invloed op hoe jy lewe (en op die erfenis wat jy jou nageslag nalaat).

Die verhoudings wat jy met jou gesinslede en jou gade het, is ongetwyfeld die belangrikste in jou lewe. Die mense naaste aan jou vorm jou en jy vorm hulle.

Die huis ...is die lens waardeur ons ons eerste kykie op die huwelik en al ons pligte as burgers kry; dis die kliniek waar indrukke oor matigheid en eerbetoon deur respek en gesindheid geskep word; dis die skool waar lesse oor die waarheid of leuens, eerlikheid of bedrog geleer word; dis die gietvorm wat uiteindelik die struktuur van die samelewing bepaal.

- Perry F Webb

Waarheidsliefde

Innerlike eerlikheid en uiterlike akkuraatheid in die rapportering van feite uit die verlede.

Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede.

Efésiërs 4:25

Koop waarheid en verkoop dit nie, ook wysheid en tug en verstand.

Spreuke 23:23

1. Koop die waarheid en verkoop dit nie...

Hou by die waarheid, moet daar nie van afstand doen nie; hou by wysheid, by selfbeheersing, by insig (Nuwe Afrikaanse Vertaling)

Waarheidsliefde is die basis van vertroue. Die woord “truth” en “trust”, sal ons sien dat hulle is van dieselfde ou Engelse woord – “trouew”.

Alle waarheidsliefde begin met 'n commitment teenoor persoonlike realiteit. Dit is 'n commitment om te lewe in die sfeer van wat werklik is en nie wat blyk te wees nie.

2. Daar is nege maniere waarop die “waarheid verkoop” word in 'n familie verhouding

Ons gee ons integriteit weg, ons getrouheid en veroorsaak dat vertroue nie meer daar is nie en ewe skielik vind jy uit dat mense wil nie meer saam met jou wil wees nie.

Nege vyande van waarheid

2.1 Halwe waarheid:

Met opset 'n sleutel gedeelte van die informasie weglaat wat veroorsaak dat jy die ander persoon met 'n verkeerde gevolgtrekking los.

My grandfather occupied the chair of applied electricity in one of America's best known institutions.

Voorbeeld: Ananias en Saffira (Handelinge 5:1-11).

Lying is the attent to deceive!

2.2 Oordrywing:

Die waarheid so te bedek dat dit aanvaarding bring.

Onsekuriteit lê aan die voet van leuens. Die onsekure mens vrees verwerping as die waarheid sou uitkom. Hulle is geneig om die waarheid, te verdraai om aanvaar te word.

Voorbeeld: Aäron en die goue kalf (**Eks. 32:21-24 vs. vers 3-4**).

Baie keer sê ons iets waneer ons egter geen bedoeling het om daar by te hou nie. Wanneer jy die waarheid oordryf en lieg, verkoop jy jou integriteit!

2.3 Ontkenning:

Met 'n reguit gesig te lieg sonder om die skuld te vat.

Ontkenning bevat redenering en rasionalisering wat die skuld na iemand anders skuif.

Voorbeeld: Dit het alles lank terug begin by Adam en Eva, (**Gen. 3:9-13**).

2.4 Skinder of kwaadpraat:

Om met opset 'n ander persoon se optrede of woorde in 'n ongunstige wyse te beskryf om hulle sodoende af te maak.

Skinder mag dalk verbaal wees of selfs nie-verbaal (stemtoon, rol van oë, gesigsuitdrukking, ag hier kom hy al weer ens). Kwaadpraat is die instrument van rebellie.

Voorbeelde: Satan teen God in die Tuin van Eden.

Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?

Genesis 3:1

Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie.

Genesis 3:4

Voorbeeld van Absalom:

En daarna het Absalom vir hom 'n wa en perde aangeskaf en vyftig man om voor hom uit te loop.

Verder het Absalom gereeld vroeg opgestaan en langs die pad na die poort gaan staan; en Absalom het elkeen wat 'n saak gehad het om na die koning te kom vir regspraak, aangeroop en gesê: Uit watter stad is jy? As hy dan antwoord: U dienaar is uit een van die stamme van Israel - dan sê Absalom vir hom: Kyk, jou saak is goed en reg, maar van die koning se kant sal niemand jou gehoor gee nie.

Verder het Absalom gesê: Mag hulle my as regter in die land aanstel, dat elkeen wat 'n geskil of regspraak het, na my kan kom; dan sal ek aan hom reg laat geskied.

En elke keer as iemand nader kom om voor hom te buig, steek hy sy hand uit en gryp hom en soen hom.

Op dié manier het Absalom met al die Israeliete gehandel wat vir regspraak na die koning kom, sodat Absalom die hart van die manne van Israel gesteel het.

2 Samuel 15:1-6

Hou by die waarheid, moet daar nie van afstand doen nie. Moet nooit 'n persoon as minder beskryf as wie hulle in werklikheid is nie. **Moenie die waarheid verkoop nie!**

2.5 Bedekking:

Aksies wat geneem word om sonde te bedek.

Voorbeelde: Kain en Abel.

Toe vra die Here vir Kain: Waar is jou broer Abel en Kain antwoord: Ek weet nie. Moet ek dan my broer oppas?

Genesis 4:9

Wanneer jy teenoor ander erken dat jy verkeerd was, bou jy vertrou! Maar wanneer jy jou sonde of oortredinge bedek ontrek jy vertrou en respek.

2.6 Selektiewe geheue verlies:

“Vergeet” die opeenvolging van gebeure wat jou skuldig maak. Ek het vergeet.

Vergeetagtigheid is dikwels ’n verskoning vir ongehoorsaamheid. A.g.v. hierdie selektiewe geheueverlies gee jy ’n deel van jou integriteit weg, jy openbaar jou ware karakter. **Buy the truth and sell it not!**

2.7 Manupilasie:

Om voordeel te trek uit iemand se “blinde kant.” Om iemand in outoriteit te kry om in jou behoeftes te voorsien.

Hierdie tegniek van manipulasie mag gebruik word by die wat “onder outoriteit” staan teenoor die wie hulle hulself onderwerp.

Voorbeeld: Jakob se misleiding teenoor Isak in die tent.

Jakob het sy pa geantwoord: Ek is Esau, Pa se oudste seun. Ek het gedoen wat Pa gesê het. Kom sit nou regop en eet van my wildsvleis sodat Pa my dan kan sien.

Genesis 27:19

Dit is om iemand se “blindekant” te gebruik wat in outoriteit staan en hulle guns te wen sodat jou eie wellus en afgunstigheid bevredig kan word.

Jy het ’n sak vol waarheid, maar wanneer jy begin om ander te manipuleer verkoop jy die waarheid in jou lewe.

Omdat jy die waarheid ontken of oordryf, net die halwe waarheid praat, van ander kwaad praat, jou sonde bedek, selektiewe geheueverlies het en ander manipuleer, het jy die waarheid verkoop en is jou beursie amper leeg.

2.8 Moenie uit twee monde praat nie:

Jou storie verander sodat dit sal inpas by die persoon met wie jy praat.

I Timótheüs 3:8 waarsku ons teen dit. **Moenie uit twee monde praat nie.**

2.9 Onregverdigheid:

Meer guns te wys teenoor een persoon as ’n ander.

Honest scales and balances are from the Lord.

Proverbs 16:11 (NIV)

Die norme vir die regspraak kom van die Here af. Hy bepaal die maatstawwe.

Waarheidsliefde aan die anderkant, vereis dat jy nie gunsteling het of guns wys oor ander nie, maar eerder eerlik en regverdig is in jou optrede teenoor ALLE mense.

Hierdie nege punte is almal karaktereienskappe van die duiwel en hy wil hê dat ek en jy, in dieselfde situasie as hy moet wees en dieselfde karaktereienskappe as hy moet hê. Hy het geen verhouding met iemand meer nie, geen respek meer oor nie en verkondig alles behalwe die waarheid, hy is die vader van alle leuens.

Ek bid dat ons sakke altyd vol van waarheid sal wees, integriteit vir die res van ons lewe. **Hoe gaan ons dit regkry?**

3. Genesing deur eerlikheid

3.1 Erken jou foute

Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.

Jakobus 5:16

In ’n verhouding mag daar ’n tyd wees waar ’n eerlike, oop vergadering nodig is. In hierdie vergadering, **wys jou eie foute**, vrese en gevoelens in die verhouding, nie die ander s’n nie.

Intimacy is always found through the tunnel of truth.

3.2 Volmaakte liefde dryf die vrees buite

Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.

I Johannes 4:18